A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-05-13

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 399

(Bladsve 23 211 tot 23 260 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT OP 13 MEI 1988

LAWRENCE VIKINDUKU MKHONZA, nog onder eed (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Al die beskuldigdes is teenwoordig. Op die begrafnis van Diale was daar baie mense gewees? -- Ja, daar was baie mense.

Soos iemand hier gesê het duisende van hulle? -- Ja, dit kan wees.

En was daarso ook 'n groot stoet voetgangers gewees? -- Ek kan sê daar was baie voertuie gewees op hierdie stoet.

Was daar 'n groot stoet voetgangers gewees? -- Nee, hulle was nie so baie nie.

Hoeveel sou jy sê was hulle? -- 200 plus skat ek.

En het hulle agter die voertuie gevolg? -- Ja, dit is so.

Jy het vir die hof gesê jy het in 'n voertuig gery. Waar was jou voertuig in die stoet van voertuie? -- Om en by by die laaste voertuie in die stoet en dan begin die voetgangers op die stoet.

En toe julle nou by die kerkhof aangekom het, het die lyk daar gewag tot al die mense daar is dat hulle dan agter die lyk geloop het na die graf toe? -- Nee.

Nou jy vertel vir die hof dat toe jy naby die kerkhof gekom het, het jy gesien daar is polisie in die kerkhof, polisievoertuie binne-in die kerkhof. Hoeveel voertuie was dit? -- Dit was twee voertuie gewees naamlik die Hippo en die polisiepatrolliewa, 'n bakkie.

En waar was hulle gewees in verhouding met die graf? -- Omtrent 100 meter vanaf die graf.

Het hulle daar gestaan binne-in die kerkhof? -- Ja, hulle staan op die erf van die kerkhof.

En toe jy hulle gesien het was hulle reeds staande of

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het gesien dat hulle inry daar by die kerkhof? -- Met my aankoms daar het hulle alreeds daar ingery waar hulle gestaan het.

En dit is die enigste polisie wat jy daar gesien het, is daardie twee voertuie wat op die kerkhofperseel gestaan het? -- Nee, daar was van hulle wat in die hoofstraat buite die perseel van die kerkhof met voertuie gery het.

Waar het hulle gery met die voertuie daar? -- Op die hoofstraat wat aan die begraafplaas grens. Dit is 'n lang straat.

Die straat waarin julle beweeg het? -- Ja.

Nou jy praat van "hulle" wat daarso gery het. Dan was daar seker heelwat polisievoertuie wat daar soos jy sê op en af gery het, wat gepatrolleer het? -- Ja, die polisie het daar patrolleer in hierdie sin dat hulle in hierdie hoofpad gery het en weer omgedraai het in 'n kort straatjie in om weer om die blok te kom en weer by dieselfde straat uit te kom.

Ja, maar.. -- Maar dié se ry het nie met die voetgangerstoet daar - het nie die voetgangerstoet belemmer nie.

<u>HOF</u>: Het hulle dan so in 'n sirkel gery? -- Ja, in 'n sirkel so en party kere weer teruggekom soos aangedui word.

Ja, die getuie dui nie heeltemal 'n sirkel aan nie, hy dui eintlik 'n halfmaan aan. -- Dit is korrek, ja.

<u>MNR JACOBS</u>: Nou weer vra ek, u het gesê "hulle" - dit was heelwat polisievoertuie? -- Ja, 'n goeie aantal polisievoertuie daar.

En as jy sê 'n goeie aantal kan jy vir ons 'n getal gee hoeveel hulle was wat so in die halfmaan gery het? -- Drie van elk, naamlik drie Hippo's en omtrent drie van die "vans" ook.

En op 'n stadium moes hulle dan langs die stoet verbyry op dieselfde pad as die stoet? -- Dieselfde pad?

As / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As die stoet. -- Dit beteken in dieselfde rigting ry of net verby?

Met die pad op.

HOF: Op die hoofstraat. -- Nee.

MNR JACOBS: Waar moes hulle ry? -- Nee, die posisie is regoor die hek, dit is die hoofingang van hierdie begraafplaas is daar 'n stofstraat wat 'n T-aansluiting maak met die hoofstraat wat ons gebruik het om by die begraafplaas uit te kom. Die polisie het in daardie stofstraat ingedraai en weer teruggekom na die hoofpad toe vanaf daardie stofstraat, maar nie in die rigting vanwaar die stoet af gekom het, gery nie. Die stoet het wel van die ander rigting af gekom maar voor hulle by die hoofingang gekom het is daar nog 'n hek wat dan die voetgangers wat op die stoets was gebruik het om die perseel van die begraafplaas binne te kom. Eers nadat hulle almal binne op die perseel was, dit is die voetgangerstoet, het die polisie dan verder gery as die punt van die stofstraat wat kruis regoor die hoofingang.

So verstaan ek dan nou heeltemal reg. Toe die stoet daar naby die kerkhof gekom het, het die polisie gestaan by die T-aansluiting en gewag? -- Daar was die twee wat ek alreeds genoem het wat op die perseel geparkeer was, bedoelende dit is die Hippo en die "van". Die ander drie van elk, dit wil sê die ses het in daardie halwe maan gery soos ek nou net demonstreer het aan die hof.

En wat seker is hulle het nooit verby hierdie stoet gery op die hoofpad nie? -- Nee.

En die traanrook wat daar geskiet is wat u vir die hof van vertel het was dit nadat die mense almal in die begraafplaas reeds was? -- Na die meeste van die mense die

begraafplaas / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begraafplaas binne gegaan het alhoewel daar nog 'n goeie klomp mense was wat nog op pad was om in die begraafplaas in te gaan.

Is dit die voetgangers wat toe ingegaan het? -- Ja. Selfs die mense wat voertuie daarbuite die erf van die begraafplaas parkeer het, want voertuie is nie toegelaat om binne die perseel te parkeer nie, dié parkeer buitekant; so hulle ook het alreeds uitgekom en op die perseel ingegaan.

HOF: Het die voertuie nie die begraafplaas binnegegaan nie? -- Nee, dié was buite parkeer.

En die skietery van die traangas was dit na die mense buite of na die mense binne die begraafplaas? -- Dié was geskiet op die mense wat alreeds op die begraafplaas was.

Dankie.

MNR JACOBS: Alreeds by die graf gewees toe geskiet is op hulle? -- Ja, dit is so.

En die skietery het dit gekom van die twee voertuie wat binne gestaan het? -- Ja.

Nie van ander voertuie nie? -- Nee.

Jy is baie seker daarvan? -- Ja.

En as iemand nou vir ons hier 'n ander storie vertel het en gesê het die een Hippo het gekom van vooraf met daardie pad en geskiet op die mense en verby gery en aangehou skiet soos hulle aangekom het en ook op die voetgangers soos hulle nog aangekom het met die hoofpad, wat sê jy daarvan? -- Nee, ek betwis dit.

Nou toe die traanrook nou op die mense daar by die graf geskiet was het hulle nie padgegee nie? -- Hulle het wel pad gegee vanaf die graf en orals op die perseel van die begraafplaas nog gebly.

Terwyl die polisie nou nog daar staan met hulle

voertuie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voertuig en hulle skiet op julle en julle gee pad nie heeltemal weg nie? -- Nee, want die doel van ons wat ons daar was, was om hierdie lyk te begrawe so ons kon nie daardie lyk sommer net so daar gelaat het en weggehardloop het nie.

Julle is ook nie bang vir die polisie wat so skiet nie? -- Ons is bang maar volgens ons gewoonte 'n dooie lyk word nie sommer so daar gelaat nie.

En toe het die polisie ook opgehou met skiet en sommer net so stilgesit daarna? -- Ja, dit is wat gebeur het.

Het daar enigiets toe verder gebeur vanaf die kant van die polisie? -- Ja, toe het ons weer bymekaar gekom. Die kis is laat sak. Ons was besig om toe te gooi na die predikant ookal teruggekom het, toe was daar weer met traangas geskiet.

Na die predikant teruggekom het is daar 'n diens gehou, is daar gesing? -- Sonder dat daar gesing was het die predikant weer aangegaan met die prosedure wat gevolg word terwyl 'n mens begrawe word en na hy dit voltooi het is die graf toe toegegooi.

En toe skiet die polisie weer sommer nog sonder enige rede? -- Ja, die polisie het toe weer geskiet.

Die mense is toe nog daar om die graf en hulle skiet na hierdie duisende mense wat daar om die graf staan? -- Ja, die polisie het op ons geskiet en toe die polisie geskiet het op hierdie stadium want die graf was amper halfvol, die mense het toe die graf verlaat.

Is dit omdat die polisie toe met lewendige ammunisie geskiet het? -- Hulle het met iets geskiet: "bud shot" of "buck shot".

Net hierdie twee voertuie wat daar binne gestaan het in die begraafplaas, is dit hulle wat net weer geskiet het? -- Ja, hulle het geskiet maar ook daardie wat daarbuite was

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het ook geskiet toe die skietvoorval weer plaasgevind het.

Waar kom dié van buite - het hulle ook weer in die perseel ingekom? -- Nee, hulle het nie op die perseel opgekom nie, hulle was besig om te skiet terwyl hulle nog daarbuite gery het.

Nou na wie skiet hulle? -- Na die mense wat uit die begraafplaas uitvlug.

Al ses daardie voertuie wat daar gery het skiet op die mense wat daarso uitvlug? -- Nee, net hierdie op die Hippo's het geskiet, selfs op die begraafplaas. Dit was net van die Hippo's af geskiet.

So die drie Hippo's buitekant het ook, van die drie Hippo's af het hulle op die mense geskiet? -- Ja, dit is ook so.

En ook met bokhael wat hulle geskiet het op hierdie mense? -- Ja.

Hulle het seker baie mense daar platgeskiet met die geweldige skietery wat hulle daar aan die gang het? -- Ja, baie mense was raakgeskiet hoewel hulle nog aangehardloop het na hulle geskiet is.

En hierdie mense wat uit die drie Hippo's wat daar gery het geskiet het, hulle was aan die voorkant, aan die hek se kant van hierdie begraafplaas? -- Nee, nee, nie by die hek nie. Soos ek gesê het hulle het heen en weer gery op hierdie hoofpad wat grens aan die begraafplaas. Mense het weggehardloop, deur die drade geklim selfs die drade van die persele daar.

Maar antwoord dan maar net. Die hek se kant grens tog aan die hoofpad en die hek is tog aan die kant waar die mense dan ry, die hoofpad? -- Ek het vroeër aan die hof hier beskrywe dat daar twee ingangshekke was by die begraafplaas. Die hoof-ingang is die een by die kruising van die twee strate, dit wil sê die hoofstraat en die ander straat wat sommer vanaf die

woonbuurt / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woonbuurt uitkom. Die mense het dus nie by daardie hek uitgehardloop nie, maar by die ander hek wat ver is net voor 'n mens by hierdie hek kom, uitgehardloop.

Jy sien ek verstaan nie want jou kar moes mos gewees het aan die kant waar die polisie gery het, want julle het mos buitekant geparkeer en nou hardloop julle almal na die karre toe en in die vurende polisie in? -- Ja.

So julle hardloop in die rigting van die polisie wat skiet? -- Ja, terwyl hulle geskiet het, het hulle mos gery. As hulle net verbygaan na hulle geskiet het dan kry jy 'n kans om vinnig te hardloop na jou kar toe.

Die massavergadering, ek wil dit net aan jou stel by vergadering - nie vergadering nie - begrafnis van Diale, daar was plakkate gewees en daar was baniere gewees. -- Ek onthou nie dat ek dit gesien het nie.

Daar was van COSAS baniere gewees en van Tsakane Youth Congress. -- Nee, soos ek alreeds gesê het COSAS was nog nie bekend in Tsakane nie. Dieselfde geld vir die Youth Congress. Dié het eers bekend geword in 1985.

Wanneer in 1985? -- Februarie/Maart se tyd.

Is hulle toe eers gestig daar? -- Ja.

HOF: Watter een? -- As ek reg is die eerste ene wat gestig is daar was COSAS. Eers na die stigting daarvan is die Youth Congress gestig.

MNR JACOBS: Is albei van hulle in Februarie/Maart 1985 gestig? -- Ja, daar rond.

Dit weet jy baie goed? -- Van hoor van my broertjie, ja.

HOF: Is dit nou Pancreteus? -- Nee, die jongste een, Martin Mkhonza is van wie ek dit gehoor het.

Wat is Pancreteus? -- Hy is 'n neef van my.

'n / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ Broerskind? -- My suster se kind.

MNR JACOBS: Woon hy ook in dieselfde huis as jy? -- Nee, hulle het hulle eie huis.

Nou op die massavergadering, jy sê jy was ŉ lid van die komitee of was jy nie? -- Massavergadering?

Ja, wat die begrafnis gereël het.

HOF: Ja, ons is besig om van ŉ begrafnis te praat nie van ŉ massavergadering nie.

MNR JACOBS: Ekskuus, die massabegrafnis op die 18de wat jy sê het plaasgevind op 18 Mei 1985. -- Ja, dit is so.

Is jy seker van daardie datum? -- Ja, ek is seker.

Hoekom is jy so seker daarvan? -- Omdat ek die persoon is wat reëlings getref het met die begrafnisondernemers. Die datums wat gegee was as die datum vir die begrafnis was hierdie datum.

HOF: Sê vir my, was daar nie by ŉ vorige geleentheid ŉ gesamentlike begrafnis nie? -- Nee, dit is die enigste massabegrafnis wat daar gereël was.

Dankie.

MNR JACOBS: Nou hierdie komitee, het hy bestaan ook uit lede van COSAS en van Tsakane Youth Congress? -- Ja, dit is so.

Nou wie het vir COSAS verteenwoordig op hierdie komitee? -- Dit was net besluit gewees dat daar ŉ verteenwoordiger gaan wees van COSAS en die Youth Congress. Dit is toe die besluit geneem is dat die komitee gestig moet word, maar toe ons nou met die werk begin het sonder dat ons geweet het wie die lede was wat die twee organisasies verteenwoordig het, het hulle nog nooit opgedaag nie met die gevolg weet ek nie wie van die jeugdiges sou in hierdie komitee gedien het as verteenwoordigers van die twee organisasies nie.

ASSESSOR / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ASSESSOR: Is dit nou met die stigting van die komitee? -- Ja.

Wanneer was dit? -- Dit was gedurende die tweede week van Meimaand. Ek kan net nie die presiese datum onthou nie, in 1985.

MNR JACOBS: So 'n komitee het baie werk om te doen, is dit nie? Veral vir so 'n massabegrafnis? -- Ja, dit is so.

En sê jy dat met al hierdie baie werk het daar niemand van COSAS of van Tsakane Youth Congress deelgeneem aan hierdie reëlings nie? -- Nee.

Hoekom was dit nodig dat hulle verteenwoordig word - dat die besluit geneem was dat hulle moet verteenwoordig word op hierdie komitee? -- Dit is omdat hulle 'n bestaande organisasie was binne die gemeenskap.

En is dit nie ook omdat van hulle lede ook begrawe moes word tussen die agt wat begrawe moes word nie? -- Nee.

Die program vir die begrafnis, jy het seker deel gehad daarin om dit op te stel? -- Ja, dit is so.

En jy het deel gehad in die besluit wie gaan die sprekers wees? -- Ja, dit is so.

Nou wie het julle besluit moet sprekers wees namens COSAS en wie moes die spreker wees namens Tsakane Youth Congress? -- Al wat geskrywe was daar is dat daar 'n verteenwoordiger moet wees van COSAS en 'n verteenwoordiger wees van die Youth Congress. Ek sou verteenwoordiger wees vir die Homeseekers. Ons het nie die name spesifiek daarin opgeskryf nie, wie die persone sal wees nie.

Maar ek verstaan nie. Hoe sal die mense nou weet wie moet kom praat as hulle dan nie eens self weet wie is dit nie? Julle is die mense wat die reëlings tref, julle moet die mense nader om te vra sal jy praat. Dan moet julle mos weet wie

om / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om te nader om te praat? -- Soos ek alreeds nou net gesê het dat die jeugdiges wat eintlik betrokke moes gewees het by die komitee, het toe nie opgedaag nie, met die gevolg dit is die rede hoekom ons nie presies geweet het wie die sprekers sou gewees het wat hierdie organisasies verteenwoordig op die program nie.

Wie het gepraat namens COSAS en wie het gepraat namens Tsakane Youth Congress? -- Wat gebeur het is dat daar gevra is vir 'n spreker van COSAS wat toe opgekom het en sonder om te vra wat die naam is en wie die persoon is, het daardie spreker toe gepraat. Dieselfde geld vir die Youth Congress.

HOF: So jy het hom nie geken nie? -- Ek het hulle net van sien geken in die lokasie. Wat die name was van die sprekers het ek nie geweet nie.

MNR JACOBS: Ek vind dit baie eienaardig dat jy as die seremoniemeester op daardie begrafnis nie die name geken het van die sprekers nie. -- Wat die swart mense betref dit is nie verbasend nie. Ons is gewoond daaraan. 'n Spreker wat kom praat en nie sê wie hy is nie, dit is nie iets snaaks nie.

By hierdie begrafnis was daar heelwat vryheidsliedere gesing? -- Ja, daar was vryheidsliedere gewees wat gesing was.

In die kerk sowel as in die stoet terwyl die mense geloop het na die begraafplaas toe? -- Ja, selfs die kerkliedere was gesing by die kerk asook in die stoet want daar was beurte gewees.

Beurte tussen kerkliedere en vryheidsliedere? -- Dit is so.

En daar is ook baie slagspreuke geskree in die kerk, in die stoet. -- Ekskuus?

In die kerk en ook in die stoet? -- Ek sal nie veel kan

sê / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê daaromtrent nie want ek was in 'n voertuig gewees.

ASSESSOR: Is mnr Jacobs klaar met die toesprake by die kerk?

MNR JACOBS: Ek wou net 'n stelling gemaak het miskien - ek weet nie, ek sal dit stel nou dan kan ek dit net vir hom sê. En ek wil dit ook aan u stel dat die toesprake wat gemaak was in die kerk en ook weer by die graf was almal politieke toesprake, opruiende toesprake. -- Soos ek alreeds hier verduidelik het vir die hof wat die toestand was by die begraafplaas, was daar geen toesprake gewees nie.

Ekskuustog, waar was geen toesprake? -- Geen toesprake was gemaak by die begraafplaas, by die graf nie.

Hoekom nie? -- Die enigste toesprake wat gelewer was, was ten opsigte van die hostelinwoners waar dit by die kerk gemaak was.

Politieke toesprake, opruiende toesprake? -- Dit was toesprake oor die inwoners van die hostelle en die wet wat toegepas word vir sulke inwoners.

Kom ons maak net seker. Die inwoners van die hostel waarmee die gevegte aangegaan is, was dit die raad se polisiebeamptes? -- Nee, nee, dit was net gewone inwoners van die hostel.

Nie die een waar die raad se polisie woon nie? -- Nee.

HOF: Was die hostel die enkellopers se hostel? -- Ja.

En die mense wat daar woon die werk op enige plek daar rond? -- Ja, dit is so.

Maar nou wat is gesê ten aansien van hulle en die wet wat op hulle van toepassing is? Hoe klop dit met die begrafnis? -- Dit klop in hierdie sin. Daar word gekyk na die wette wat sê dat enkellopende persone in 'n hostel moet bly en wat voorsiening maak daarvoor en die mense hier nou het probleme met

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die inwoners van ŉ lokasie wat saam met die gesinne woon in die lokasie. En dit word gesê die oorsaak dat daar nie ŉ goeie voet is tussen die twee klompe mense is omdat die ander enkellopend is.

Is die gebeure geblameer op die wet wat maak dat daar enkellopers in ŉ hostel woon? -- Nee, wat daar bedoel word is dat was daar nie hierdie soort van uitsondering gewees van mense nie, dan sou daardie voorval nie plaasgevind het nie.

Wel, kan ons dit nou wyer stel. Was daar nie instromingsbeheer nie dan sou hierdie ding nie gebeur het nie. Was dit die tema? -- Ja, dit is so.

MNR JACOBS: En was die blaam geplaas vir hierdie dinge in die enkelkwartiere en vir die instromingsbeheer op die regering en die regering se instellings wat daar in die woonbuurt was? -- Ek weet nie is dit ŉ vraag of wil u kommentaar hê.

Dit is ŉ vraag wat ek vra. -- Nee, ek het nie die vraag goed verstaan nie, kan u dit herhaal?

Die vraag is, is die moeilikheid ook toegeskryf aan die regering en die regering se instellings soos die swart plaaslike besture? -- Nee, die blaam was op die regering geplaas.

En was dit nie ook geplaas op die swart plaaslike besture nie, as die "puppets" van die regering nie"? -- Nee, die instromingsbeheer was lankal daar gewees voor die instellings van die swart plaaslike besture.

In Tsakane was daar nie ontevredenheid gewees met die swart plaaslike besture en die feit dat hulle die huur verhoog het? -- Nee, daar was nie ontevredenheid daaromtrent nie.

En is die huur verhoog? -- Nee, dié was nie verhoog gewees nie.

Glad nie? -- Wat gebeur het is daar was praatjies dat

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die huur verhoog gaan word, maar dit was nie verhoog nie.

Was dit nie net uitgestel gewees die verhoging nie? -- Nee, daar was net melding daarvan gemaak.

Sê vir my betaal jyself, het jy huur betaal gedurende 1984/85? -- My ma het die huur betaal want ek het nog by my ouers se huis gewoon. Ek het nog nie 'n huis van my eie gehad nie.

So jy het nooit huur betaal in jou lewe gedurende daardie tyd nie? -- In?

Gedurende daardie tyd nie. -- Ek het die huurgeld beskikbaar gemaak vir my ouers se huis, maar dat ekself nou kantoor toe gaan en dit moet gaan betaal self, nee, dit het ek nog nie gedoen nie.

HOF: Was daar 'n huurboikot in Tsakane aan die gang? -- Nee, daar was nie.

MNR JACOBS: En betaal jy van daardie tyd af tot nou nog toe die huur? -- Ja.

Word dit nog gereeld betaal of het jy opgehou om dit te betaal? -- Ja, dit word nou nog betaal.

Selfs toe jy werkloos, jy was in daardie tyd, Meimaand 1985, was jy werkloos gewees en toe het jy nog altyd die huur betaal? -- Al het ek nie gewerk daardie tyd nie, die huur was betaal want my mense saam met wie ek in die huis was het die geld bymekaar gemaak om die huur te betaal.

Nou die begrafnis, die massabegrafnis en net om af te sluit daarmee, ek wil dit aan jou stel - of laat ek dit so stel, was daar nie by die begrafnis self moeilikheid gewees nie? -- Nee, geen.

Het die polisie nie sommer weer so onnodig kom skiet daar nie? -- Nee.

Nou / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nou ek wil dit aan jou stel dat na die begrafnis het die begrafnisgangers daar groepe gevorm en in die woonbuurt inbeweeg en toe is daar grootskaalse skade aangerig. -- Nee, dit is nie so nie.

En daar was brandstigting en daar was aanvalle op raadsgeboue gewees in die woonbuurt. -- Nee, dit is nie so nie.

Was daar 'n kampanje in Tsakane gedurende 1984/85 teen swart plaaslike besture? -- Nee, daar was nie.

Het die raadslede nie bedank nie? -- Ja, in 1985 gedurende hierdie tydperk tussen Maart en Juniemaand het die raadslede daar bedank.

HOF: Almal? -- Nie gelyktydig nie, op verskillende tye.

MNR JACOBS: Maar almal het bedank? -- Ja, dit is so.

En hulle het bedank nadat daar aanvalle gedoen is op hulle eiendomme? -- Nee, dit sal ek nie kan sê of dit die rede was vir hulle se bedanking nie.

Nou hoekom het hulle dan bedank? -- Dit het gebeur dat daar nog probleme was dat mense nie huise kon kry nie. Dit kan miskien ook 'n rede gewees het dat die raadslede bedank het want hulle was in beheer en hier is die mense wat ontevrede is omdat hulle nie huise kry nie.

Ja, u sien nou..

HOF: Was daar aanvalle gewees op hulle eiendomme? -- Ja, ek het daarvan gehoor dat 'n raadslid se eiendom aangeval was.

MNR JACOBS: U sien, nou kom ons nader aan die waarheid want die ad hoc komitee self het ook georganiseer en die raadslede geblameer daarvoor dat hulle nie kan huise kry nie, viervertrekhuise dadelik nie. -- Nee.

Julle het dan daarop aangedring dat hulle moet bedank? -- Nee, dit sou beteken dat ons baie onnosel was van ons

kant/ ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kant af want ons het met hulle goed onderhandel. Selfs mnr Marx het ons belowe dat die huise beskikbaar gaan word, dan kon ons dit nie gedoen het nie.

Die mense wat so ontevrede was omdat daar nie huise was vir hulle nie, is omdat julle en jy ook spesifiek georganiseer het teen die raadslede en die mense opgemaak het teen die raadslede. -- Nee.

En ek wil dit aan u stel dat u was ook baie aktief gewees in die politiek daar in Tsakane in die algemeen.

HOF: In Tsakane en..?

MNR JACOBS: En ook in die algemeen. Hy het selfs na ander plekke gegaan in die "parents committee". -- Alles wat ek gedoen het as 'n inwoner van Tsakane het ek gedoen omdat dit vir my nodig was om daarvoor te staan as 'n inwoner van Tsakane.

En het jy nie ook gereeld van hierdie gemeenskapstydskrifte of publikasies gekry nie? -- Nee, behalwe koerante wat ek gekoop het.

Het jy nooit "Learn & Teach" gekry nie? -- Dit was verkoop. Ek het dit gekoop.

Ja, dit is hierdie publikasies wat uitgegee is in die woongebiede. -- "Learn & Teach" word verkoop selfs in die treine, orals. Jy kry mense wat dit verkoop.

Ja, jy het dit gereeld gekoop en dan ook SASPU National, UDF News ook. -- Daardie tipe goed het ek nie gekoop nie. Ek het dit net gelees as ek mense kry wat dit het.

Weet jy wat is 'n "freedom fighter"? -- Ja.

Het jy gedigte geskryf oor "freedom fighters"? -- Wat?

Het jy gedigte geskryf oor "freedom fighters"? -- Ek onthou nie dat ek gedigte geskryf het oor "freedom fighters" nie.

Ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek weet nou nie, hy is in verse, maar kyk net na hierdie dokument. Is dit 'n dokument wat by jou gevind was en wat jy geskryf het?

HOF: Wat is die antwoord? -- Nee, ek ken nie hierdie dokument nie.

MNR JACOBS: Hierdie dokument is in jou besit gevind. Onthou jy dat jy in 'n brief gevra het deur 'n prokureur vir dinge wat die polisie by jou op beslag gelê het; 'n brief te skryf om die goed terug te gee? -- Watse goed is by my gevind?

Ekskuustog? -- Watse goed en watter was by my gevind?

Hierdie ding wat jy in jou hande nou vashou. Ek weet nie of dit 'n gedig is en of dit nou die manier is waarop jy goed skryf nie, plus dokumente soos "Learn & Teach". -- Wanneer was dit by my gevind want ek kan nie onthou dat die polisie daar by my huis gekom het en iets gevind het nie.

Kom ons kry dit eers so. Het jy opdrag gegee aan 'n prokureur om te sê die polisie moet die goeters wat hulle by jou huis in beslag geneem het, teruggee? -- Nee, want wat ek vir die hof kan sê is dit. Dit was om en by Maartmaand 1985 toe die veiligheidspolisie by my huis opgedaag het. Met hulle besoek daar het hulle dokumente gevind, die tydskrifte byvoorbeeld "Learn & Teach" en ander goed, maar niks was weggeneem deur hulle nie.

Is jy baie seker daarvan? -- Ja, ek is seker.

U weet ek het 'n inventaris waarop ek dink u handtekening verskyn. Kyk net na daardie dokument wat ek nou vir jou gee - ek sal nou vir die hof ander gee, edele. Is dit jou handtekening wat daarop staan? -- Ja, dit is my handtekening.

Is dit vir goed wat die polisie by jou huis weggeneem het daar en dat jy geteken het daar dat hulle neem dit weg? --

Ja / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja.

So hulle het van dit weggeneem? -- Ja, dit is goed wat hulle weggeneem het maar dit is goed wat hulle teruggebring het sonder dat ek enige brief laat skryf het om dit terug te kry.

Nee, meneer, jy kom nie so maklik uit hierdie ding uit nie. Jy het nou-nou gesê die polisie was daar, die veiligheids-polisie was daar en hulle het niks daar weggevat nie. Hoekom het jy vir die hof daardie leuen vertel? -- Ek het nie leuens vertel nie. Dit is die goed wat hulle van my af weggeneem het vir 'n dag of twee as ek reg is en dit weer terugbesorg aan my. Byvoorbeeld hierdie een wat u aan my getoon het, verskyn dit op hierdie lys hier voor my?

Moenie vir my vra nou nie. Ek stel dit aan jou dat die polisie het daardie dokument by jou in beslag geneem, weggeneem en jy het aan mnre Cheadle, Thompson & Hayson het jy opdrag gegee om 'n brief te skryf aan die polisie om jou dokumente terug te gee.

HOF: Cheadle, Thompson en..?

MNR JACOBS: Hayson - H-a-y-s-o-n. -- Wat is die naam van die firma (gelyktydig)..

Op 10 Mei 1985 was 'n brief namens jou geskryf aan die polisie dat jy jou dokumente wil terughê. -- Nee.

Kyk na hierdie dokument. Is dit nie namens jou geskryf nie, hierdie brief? -- Ja, dit is die brief.

Ja. So daar is 'n brief namens jou geskryf? -- Ja.

So jy het hierso vir die hof 'n hele klomp leuens vertel. Wat is die doel daarvan, hoekom wil jy nie die hof in jou vertroue neem nie? -- Ja, maar u stelling was dat hierdie dokument wat u my eers getoon het hier kom van my af. Ek sê

ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek ken nie hierdie dokument nie. Het u miskien die tweede dokument aan my getoon wat u tweede getoon het eers, dan sou ek verstaan het en vir u gesê het wat gebeur het oor daardie dokumente.

So daardie dokument het nou van jou af gekom? -- Nee, nie hierdie een nie. Ek weet nie waarvandaan kom dit nie.

HOF: Dit is nou die dokument wat eerste getoon is? -- Ja, want die lys van dokumente waarop die sekuriteitspolisie beslag gelê het is in hierdie inventaris aangeteken en hierdie ene wat aan my eerste vertoon is, verskyn nie op hierdie inventaris nie.

MNR JACOBS: "Contemporary Scientific Thoughts" wat daarop staan, wat is dit wat daarop staan? Edele, ek sal vir die hof twee afskrifte gee om ook te volg. -- Dit is 'n boek.

Sê vir my was dit net by een geleentheid wat die polisie daar was om beslag te lê op goed? -- Ja, net op een geleentheid daar.

Is jy seker daarvan? Vertel jy die waarheid nou vir die hof? -- Ja, ek vertel die waarheid.

Het jy op 20 Maart vir twee dokumente geteken, twee inventarisse wat hulle daarso goed by jou gevind het? -- Nee, ek het net een geteken, dit is hierdie een.

Ek het twee inventarisse hierso wat jy daardie dag geteken het. Ek wil jou net die volgende een ook toon. Altwee is geteken deur jou, 20 Maart 1985.

HOF: Maar is dit twee verskillende dinge?

MNR JACOBS: Ek sien hier is twee handtekeninge op.

HOF: Maar as u na die goed kyk wat daarop is, is dit nie maar dieselfde nie?

MNR JACOBS: Die deursoeking was dieselfde datum gewees.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF: Is dit nie dieselfde goed wat geneem is en waarvoor geteken is nie?

MNR JACOBS: Blykbaar is dit dieselfde goed, maar dit is twee dokumente wat dan gemaak is, ek weet nie vir watter doel nie.

HOF: Wel, kyk die doel is tog om te bewys met die inventaris dat die dokument by die getuie gevind is, laat ons nou nie honderde inventarisse inhandig nie.

MNR JACOBS: Ek doen dit eintlik dat daar nie gesê word dit is verkeerd dat ek nie altwee gegee het nie. Dit is al waarom ek dit gedoen het. En ek wil dit aan u stel dat in hierdie koevert waar die konstitusie genoem word, was hierdie dokument wat u nou in u besit het, in gewees. -- Watter een is dit?

Die een op die inventaris, een koevert: "Constitution, Soft Ball Federation", en daarin was nog 'n hele paar bladsye, ander bladsye, onder andere daardie dokument wat ek nou vir jou gegee het. -- Nee, maar ek sê dan vir u dat ek weet van hierdie wat op hierdie inventaris staan, die eerste ene wat u aan my getoon het. Die res van die goed wat u nou aan my toon, dit is die tweede inventaris, ek weet nie wat daar staan waar dit gevind was deur wie nie.

Is dit jou handtekening op die tweede inventaris? -- Nee, ek ken nie hierdie dokument nie, ek het dit nie geteken nie.

HOF: Watter een het u nou nie geteken nie, die een waar bo-op staan "Inventaris" of die een waar bo-op staan: "Volgnommer"? -- Dit is die ene met die "Inventaris" heelbo, dit is die een wat ek sê ek ken nie.

MNR JACOBS: Kan ek net duidelikheid kry. Jy het dan aan hierdie prokureursfirma opdrag gegee om jou goed terug te kry is dit reg? -- Ja.

HOF: Wel, mnr Mkhonza, ek wil vir u darem dit sê, dat

dit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit vir my darem lyk of die twee handtekeninge identies is op albei die dokumente. -- Dit kan wees dat die handtekeninge identies is maar soos ek sê hulle was net eenmaal by my waar ek hierdie dokument geteken het, dit is die inventaris waar nie heelbo geskryf is "Inventaris" nie en ek kan nie onthou dat ek hierdie een geteken het nie, al is dit lank terug wat dit gebeur het maar hierdie ene kan ek nie onthou nie.

ASSESSOR: Nou die inventaris met die woord "Inventaris" bo-op het ook dieselfde kolomme as die blad wat u sê u wel geteken het. -- Ja, dit is dieselfde kolomme.

Het hulle nie per ongeluk eers hierdie een ingevul en toe dit reggemaak deur die tweede een in te vul nie, omdat daar net een bladsy was? Want die inhoud is dieselfde. -- As dit die geval is dat hulle 'n fout gemaak het, dan moes hulle daardie een gekanselleer het dan sou hulle vir my hier in die hof hierdie ene getoon het wat nou die ander ene korrigeer, dat hulle nie vir my albei gee en sê dit is twee verskillende dinge nie.

MNR JACOBS: Is dit reg dan, jy het daardie brief laat skryf omdat die polisie wel sekere dinge by jou op beslag gelê het?

HOF: Wel, mnr Jacobs, wat staan in die brief? Ons weet nie wat in die brief staan nie en u probeer om die heel eerste dokument voor die hof te kry. Is daar enige verwysing in daardie brief na die heel eerste dokument want in die inventaris is dit beslis nie?

MNR JACOBS: In die brief staan net dat hy dokumente vra.

HOF: Dat hy dokumente wil terughê?

MNR JACOBS: Ja. (Toon dokument aan hof)

HOF: Ja, u mag hierdie terugneem.

MNR JACOBS: So ek wil dit aan u stel finaal, meneer, dat u

was/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was baie aktief in die politiek daar en u het die mense georganiseer en gemobiliseer teen swart plaaslike besture en teen die regering. -- Nee, ek het dit nie gedoen nie. Wat ek gedoen het kon gedoen gewees het deur enige ander lid van die gemeenskap van Tsekane. Ek is nie 'n persoon wat verskil van enige ander inwoner van Tsakane nie.

Dan is daar net twee klein puntjies wat my byval. Dit is die vergadering van 27 Januarie 1985 toe die ad hoc komitee gestig was. Het julle daardie selfde dag as komitee vergader of nie? -- Ons het vergader as 'n komitee.

Daardie selfde dag of 'n dag of twee later? -- Die Maandag eers het ons 'n vergadering gehou.

Nie twee dae daarna nie? -- Die Maandag het ons vergader. Die Sondag is die komitee gestig en die Maandag het die komitee as 'n komitee gesit alleen.

En het julle die Maandag enige stukke opgestel, dokumente opgestel? -- Nee, behalwe die memorandum wat ons opgestel het wat dan die Dinsdag gelewer sou word.

Dan wil ek dit ook net aan u stel dat op 16 Februarie 1985 se vergadering was mnr Labuschagne, die kaptein en stasiebevelvoerder van die Suid-Afrikaanse polisie as 'n waarnemer ook by daardie vergadering teenwoordig. -- Ja, hy was daar teenwoordig.

En by daardie vergadering wil ek dit aan u stel was ook 'n verteenwoordiger van die administrasieraad van Germiston teenwoordig gewees. -- Ja, dit is so.

ASSESSOR: Wat is die naam, ekskuus. Johnson?

MNR JACOBS: Nee, van Germiston.

ASSESSOR: O, van Germiston. --

MNR JACOBS: En wat meer is op daardie vergadering.. -- Nee

..was /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

..was besluit dat mnr Rossouw en die ad hoc komitee sou verder onderhandel en hulle sou dan voorstelle uitwerk wat dan aan 'n latere vergadering voorgelê kan word. -- Nee, dit is nie soos u dit nou stel hier nie. Niemand van Germiston was teenwoordig by hierdie vergadering nie. Dit was mnr Rossouw se voorstel gewees na ons alles bespreek het daar dat hy die mense in Germiston sal gaan sien en met hulle daaroor gaan praat, dit is oor die huise.

Kan ons net duidelikheid kry, was daar by die 16de se vergadering besluit dat daar nog verdere samesprekings tussen mnr Rossouw en die ad hoc komitee sou plaasvind? -- Ja, soos hy gesê het dat nadat hy in Germiston was sal hy na ons toe terugkom.

En het daar toe samesprekings nog verder plaasgevind tussen mnr Rossouw en die ad hoc komitee na 16 Februarie? -- Ja, daar was, op die 23ste van Februarie 1985 was daar 'n vergadering gewees waar mnr Rossouw, mnr Marx, die raadslede ook teenwoordig was.

En is dit so dat in die vergaderings wat julle met mnr Rossouw gehad het, dit is die ad hoc komitee, is daar later-aan voorstelle gemaak dat geld verkry word op die vrye mark of deur die staat op een of ander manier vir die bou van vierkamerhuise. -- Nee, by die vergadering van die 23ste was mnr Marx die hoof van hulle daar teenwoordig. Hy is die persoon wat gepraat het van die tweevertrekhuise wat gebou moet word.

Is dit op enige stadium met samesprekings tussen die ad hoc komitee en mnr Rossouw bespreek dat hy sal 'n aanbeveling maak dat geld verkry word op die vrye mark en/of deur
K1368 die staat van ander weë af? -- Ja, dit is so.

En het hy so 'n aanbeveling gemaak aan die administrasie

raad / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raad tot dié effek en dat daardie geld dan gebruik word om die vierkamerhuise mee te bou?

HOF: Hoe moet die getuie nou weet wat hy aanbeveel het aan die administrasieraad? Dit is interne dinge.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Dankie, edele.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB: Did your wife work during 1984? -- No, she was not. She was looking after our second child.

When did your wife start working? -- The beginning of 1986.

I would like to ask you a few questions about EXHIBIT DA. 183, if you could have it before you, please? -- Ons het nie 'n kopie nie.

At this stage..

COURT: The witness has not got it. Could you give him a copy?

MR YACOOB: Maybe I could ask you the questions without you having it, but if you need it to answer the questions let us know. At the stage when you wrote this document, did you know whether the deceased, Vusi Diale, had been involved in any student or scholar activities of any kind, apart from studying of course? -- No, I did not know that.

What was your intention in writing and delivering that speech? Can you give the court some idea of that? -- The purpose therein was to try and comfort the Diale family in the way which a member of their family met with his death.

Was there any other purpose? -- No, there was no other purpose.

I have no further questions, thank you.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT

GEEN VERDERE VRAE NIE



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

NOMGIDI ANNA HLOMOKA, d.s.s. (through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: Miss Hlomoka, you are the sister of Oupa Hlomoka, accused no.2 in this case? -- Yes, I am.

And are you now a schoolteacher? -- Yes, I am.

And are you a teacher at the Tshirela higher primary school? -- Yes, that is where I am teaching.

COURT: Where is that? -- In Boipatong.

MR BIZOS: During 1984 were you a student at a college? -- Yes.

Which college were you a student at? -- Sebokeng college of education.

Is it known by any other name? -- Yes, some people call it Venter.

COURT: Why is it called Venter? -- Because the first rector of the college was a Mr Venter.

MR BIZOS: And were you living, as you are living now in zone 3, Sebokeng? -- Yes.

Whilst you were at college did you take part in any student activities other than concerning yourselves with your studies? -- Yes.

What activities did you take part in? -- I was a member who was playing netball and soft ball.

I see. Were you a member of any student political organisation at the college; were there any such bodies at the college? -- There were no such bodies at this college and I was not a member of any political body.

In 1984 - was 1984 your first year of college? -- Yes.

Whilst you were at school were you in any way involved with COSAS? -- No.

COURT: Where were you at school? -- Tshepo Themba high

school / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

school.

In Sebokeng? -- Yes.

MR BIZOS: Did you know that there was an organisation called AZAPO in the Vaal? -- Yes, I knew about that.

Did you know that your brother was actively involved in that? -- All I knew is that he was a member of this body.

Did you take any interest in AZAPO? -- No, I did not.

During 1984 and more particularly in July/August of that year, did you become aware that there was going to be a rent increase in the Vaal? -- Yes.

Did you attend any meetings or did you concern yourself with any protests in relation to that rent increase, you personally? -- No.

Prior to 3 September 1984 did you hear whether or not there was going to be a stay-away on the morning of 3 September 1984? -- Yes, it was during the last week of August at school when there were rumours that there was going to be a stay-away on this day, 3 September, in connection with rent.

Did you see any pamphlet or document confirming these rumours? -- Yes, I did see something which was written about that and to add, the Sunday afternoon or evening there was a vehicle which drove around in the township where I live, saying that the Monday people must not go to work.

I want you to please have a look at EXHIBIT AN.15(2). Did you see a similar document? -- Yes, I did.

Was this question of the stay-away discussed at the college? -- No, it was not discussed.

Did you yourself make any decision as to whether or not you would attend classes on the morning of 3 September 1984 or not? -- What I had decided upon was I was going to see the

following / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

following day if there was transport available for me to go to school, depending on the situation.

How did you travel to and from school? -- I was using a taxi.

Did you go to the college on the morning of 3 September 1984? -- No, I did not go.

